

Donderdag **9 Mei**

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 3:12-18

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 3:13, 18 (AFR83)

Deur Christus verlig

In 2 Korintiërs 3:12-18 is Paulus besig om as meester-teoloog 'n verklaring en toepassing te maak van Eksodus 34:29-35, waar Moses neergedaal het van Sinai nadat hy die twee kliptafels van die Here ontvang het en sy gesig gestraal het van die Here se glorie.

Hierdeur wil Paulus ons leer dat die ou verbond onder die Wet van Moses nooit bedoel was om as 'n blywende verbond te bly bestaan nie. Soos baie mense, gebeure en simboliek van die Ou Testament as tipes en profesieë gedien het, was die Wet van Moses ook bedoel om heen te wys na 'n verbeterde, meer volkome verbond. Dit is duidelik deurdat die ligglans van Moses se gesig (wat God se glorie bekendgemaak het) aan die verdwyn was. Die verdwynende skynsel van Moses se gesig was bedoel om die volk Israel te wys daarop dat die verbond onder die Wet nie ewig-blywend is nie.

Die verbeterde en volkome verbond word aan die gelowige in Christus gegee. Deur Hom leef ons onder die nuwe verbond en deur die Gees word die sluier/bedekking voor ons oë weggeneem en so kan God se glorie in Christus raakgesien word. Daarom ontvang ons in geloof deur die Gees die beeld van Christus – en word deur die Gees gelei om te groei in heiligmaking; om al meer die beeld van Christus na te streef deur te groei in gehoorsaamheid teenoor die HERE.

Mag ons nooit, soos Israel, weerhou word om die Here se glorie in Christus raak te sien nie, maar mag ons daarna streef om deur sy Gees verlig te word deur die lig van die evangelie.

Sing: Skrifberyming 50:1, 4, 7

Ds. IJ (Izak) van der Westhuizen (Colesberg)